**LAINGSBURG MUNISIPALITEIT**
**KENNISGEWING 79/2019**

**Laingsburg Munisipaliteit, 'n werkgewer verbind tot gelykheids indiensneming nooi persone om aansoek te doen vir die ondergemelde vakante pos.**

## FINANSIëLE INTERNSKAPPE X3

**(Aansoekers Woonagtig in die Wes-Kaap sal Voorkeur Geniet)**

**(Kontraktuele Aanstelling: 12 Maande met 'n Opsie om die Tydperk vir 'n Verdere 12 maande te verleng).**

Die Munisipaliteit neem deel aan die Internskap program wat deur die Nasionale Regering onderneem is om die finansiële bekwaamheid tekort in Plaaslike Regering aan te spreek deur onlangse gekwalifiseerde Openbare Finansiële en Rekenkundige gegradueerdes die geleentheid te bied om 'n kwalifikasie te bekom.

Redelike geskrewe en mondelingse kommunikasie bedrewendheid en rekenaargeletterdheid is vereistes. Interns sal aan die Munisipale Dissiplinêre Kode onderworpe wees.

**SLEUTEL PRESTASIE AREAS:**

- Voldoen aan spesifieke vaardigheidsuitkomste soos uiteen gesit in die Nasionale Tesourie se Finansiële Intern vaardigheidsontwikkelings program.
- Opleiding rondom die relevante wetgewing van toepassing op 'n Munisipaliteit
- Opleiding rondom finansiële regulasies voortspruitend uit die Nasionale Tesourie en implementering daarvan
- Uitvoer van pligte, voorbereidng en implementering van eenvormige norme en standaarde in die volgende afdelings: Inkomste, Uitgawes, Begrotings Kantoor, Voorsieningskanaal Bestuurder en ander afdelings binne die finansiële departement.
- Uitvoer van ander algemene kantoorpligte soos redelikerwys van tyd tot tyd versoek.

**SALARIS SKAAL:** **R 100 000,00 (ingeslote pakket per jaar)**

**SLUITINGS DATUM:** **18 November 2019**

**ALGEMEEN:**

- Kandidate op die kortlys sal onderwerp word aan en verplig wees om 'n teoretiese- en praktiese toets af te lê
- **Ondanks enige vertoë tot die teendeel, sal geen dienskontrak in werking tree totdat 'n skriftelike aanbod gemaak is deur die Munisipaliteit aan, en deur die aansoeker aanvaar is nie.**
- Skriftelike aansoeke op die amptelike aansoekvorms moet vergesel word van 'n omvattende CV, wat as vertroulik beskou sal word, en moet gerig word aan: Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X4, LAINGSBURG, 6900. Hierdie vereistes is verpligtend en indien dit nagelaat word sal die aansoek onmiddellik gediskwalifiseer word. Geen e-pos / fakse sal aanvaar word nie.
- Aansoekvorms is beskikbaar op die Munisipale webwerf (www.laingsburg.gov.za). Oorspronklik gesertifiseerde afskrifte ter stawing van kwalifikasies moet die CV vergesel.
- Navrae kan gerig word aan meneer G.S. Bothma / mejuffrou A. Groenewald.
- Laingsburg Munisipaliteit is verbind tot die nakoming van die vereistes van die Wet op Gelyke Indiensneming, Wet 55 van 1998, ter bevordering van voorheen benadeelde en gestremde persone.

.......................................
**PA WILLIAMS**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**1 November 2019**

**Munisipale Kantore**
**Privaatsak X 4**
**LAINGSBURG**
**Tel: (023) 55 11019**